


Argief.

BUITENGEWONE  
**OFFISIËLE KOERANT**  
VAN SUIDWES-AFRIKA  
**OFFICIAL GAZETTE**



UITGAWE OP GESAG.

EXTRAORDINARY  
OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c      Maandag, 10 November 1969      WINDHOEK      Monday, 10 November 1969      No. 3031

**INHOUD**

**CONTENTS**

*Bladsy/Page*

**PROKLAMASIE:**

**PROCLAMATION:**

No. 85 Proklamasie op die Rehoboth *Gebiet* (Verdere Toepassing van Wette) 1969 . . . . .

Rehoboth *Gebiet* (Further Extension of Laws) Proclamation, 1969 . . . . . 1782

**PROKLAMASIE**

**PROCLAMATION**

DEUR SY EDELE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

BY THE HONOURABLE JOHANNES GERT HENDRIK VAN DER WATH, ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA.

No. 85 van 1969.]

No. 85 of 1969.]

NADEMAAL by paragraaf 4 van die Ooreenkoms gesluit tussen die Administrateur van Suidwes-Afrika en die Kaptein van die Rehoboth-gemeente en die lede van die Raad van die genoemde Gemeente, welke Ooreenkoms by Proklamasie van die Administrateur gedateer die agt-entwintigste dag van September 1923 (Proklamasie 28 van 1923) bevestig en bekragtig is, daar onder andere ooreengekom is dat die Administrateur, na oorleg met die Raad van die genoemde Rehoboth-gemeente, die bevoegdheid het om wette uit te vaardig vir die gebied wat in die Ooreenkoms die *Gebiet* heet en om enige wet wat in die Gebied Suidwes-Afrika geld, ook daarop toe te pas, as hy sodanige wetgewing en toepassing in die belang van of die Gebied Suidwes-Afrika of die *Gebiet* raadsaam of wenslik ag;

WHEREAS by paragraph 4 of the Agreement concluded between the Administrator of South West Africa and the Kapitein of the Rehoboth Community and the members of the Raad of the said Community, which said Agreement was ratified and confirmed by Proclamation of the Administrator dated the twenty-eighth day of September, 1923 (Proclamation 28 of 1923), it was agreed *inter alia*, that the Administrator, after consultation with the Raad of the aforesaid Rehoboth Community, should possess the power to legislate for the territory referred to in the Agreement as the *Gebiet* and to extent thereto the operation of any law in force in the Territory of South West Africa if he considers such legislation and extension expedient or desirable in the interests of either the Territory of South West Africa or the *Gebiet*;

EN NADEMAAL by artikel 1 van die Rehoboth Aangelegenheden Proklamatie 1924 (Proklamasie 31 van 1924) daar bepaal is dat, vanaf en na die inwerkingtreding daarvan, die Raad nie meer in die *Gebiet* fungeer nie en dat die bevoegdhede, funksies en pligte wat by wet aan die Raad verleen is, elk en almal by die Landdros van die distrik Rehoboth berus;

AND WHEREAS by section 1 of the Rehoboth Affairs Proclamation, 1924 (Proclamation 31 of 1924), it was provided that from and after taking effect thereof, the Raad should cease to function within the *Gebiet*, and that all and several the powers, functions and duties vested by law in the Raad should vest in the Magistrate of the district of Rehoboth;

EN NADEMAAL die Administrateur, na oorleg met die Landdros van die distrik Rehoboth, dit in die belang van die *Gebiet* en die Gebied Suidwes-Afrika raadsaam en wenslik ag om die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967 (Ordonnansie 29 van 1967) op die *Gebiet* toe te pas;

AND WHEREAS after consultation with the Magistrate of the district of Rehoboth, the Administrator considers it expedient and desirable in the interest of the *Gebiet* and the Territory of South West Africa to extend to the *Gebiet* the operation of the Accommodation Establishments and Tourism Ordinance, 1967 (Ordinance 29 of 1967);

SO IS DIT dat ek ingevolge die bevoegdheid aan my verleen hierby proklameer, verklaar en bekend maak:

NOW THEREFORE under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:

1. In hierdie proklamasie dui die woorde „die *Gebiet*” op die gebied genoem die *Gebiet* in die Ooreenkoms vervat in die bylae van die Proklamasie van die Administrateur gedateer die agt-en-twintigste dag van September 1923 (Proklamasie 28 van 1923) waarvan die grense bepaal word by die Rehoboth *Gebiet* Grenswysigingsproklamasie 1941 (Proklamasie 22 van 1941) soos gewysig.

2. Die Ordonnansie op Huisvestingsinrigtings en Toerisme 1967 (Ordonnansie 29 van 1967) tesame met alle wysigings daarvan of byvoegings daartoe wat verorden is of hierna verorden kan word en alle aanstellings, proklamasies, regulasies, reëls, lasgewings of kennisgewings wat daaringevolge gedoen, uitgevaardig, afgekondig of uitgereik is, of hierna gedoen, uitgevaardig, afgekondig of uitgereik kan word, het volle krag en werking binne die *Gebiet*.

3. Hierdie proklamasie heet die Proklamasie on die Rehoboth-*Gebiet* (Verdere Toepassing van Wette) 1969.

Gegee onder my hand en seël in Windhoek op hierdie vyfde dag van November 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrateur*

1. In this proclamation the expression “the *Gebiet*” means the territory referred to as the *Gebiet* in the Agreement contained in the schedule to Proclamation of the Administrator dated the twenty-eighth day of September 1923 (Proclamation 28 of 1923), the boundaries whereof are defined in the Rehoboth *Gebiet* Boundaries Amendment Proclamation, 1941 (Proclamation 22 of 1941) as amended.

2. The Accommodation Establishments and Tourism Ordinance 1967 (Ordinance 29 of 1967) together with all amendments thereof or additions thereto which have been or may hereafter be enacted and all appointments, proclamations, regulations, rules, orders or notices which have been made, promulgated or issued or may hereafter be made, promulgated or issued thereunder, shall be of full force and effect within the *Gebiet*.

3. This proclamation shall be called the Rehoboth *Gebiet* (further Extension of Laws) Proclamation, 1969.

Given under my hand and seal in Windhoek on this the fifth day of November 1969.

J. G. H. VAN DER WATH,  
*Administrator*